Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 103: 1 & 2

1

Loof, o my siel, en alles wat in my is,

loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!

Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys!

Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,

vergeet nooit een van sy weldadighede,

vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

2

Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe,

genadiglik die sondes wil vergewe,

jou krankheid ken en liefderyk genees;

wat van die dood jou lewe weer verskoon het,

met goedheid en ontferming jou gekroon het,

en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Geloofsbelydenis

Die Apostoliese Geloofsbelydenis

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en aarde.
2. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en die angste van die hel ondergaan het;
5. wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;
6. opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
7. waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.
8. Ek glo in die Heilige Gees.
9. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die opstanding van die liggaam
12. en 'n ewige lewe.

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet: Eksodus 20

Rom. 7:7 Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: “Jy mag nie begeer nie.”

Antwoord op die Wet: Ps. 15: 1 & 2

1

Wie styg so hoog in heil en eer,

dat hy met U, die grote Koning,

met U, die allerhoogste HEER,

kan op u heil'ge berg verkeer

en intrek in u heil'ge woning?

2

Dié wat, opreg in sy gemoed,

na Gods verhewe eis wil handel,

hom vir bedrog en leuen hoed;

en is dit voor- of teëspoed,

die waarheid spreek in hart en wandel.

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: 2 Petrus 1: 1-11

1 Van Simon Petrus, ’n dienaar en apostel van Jesus Christus.

Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het.

2 Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here!

3 Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. 4 Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur. 5 En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, 6 die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7 die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

8 As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. 9 Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is.

10 Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. 11 En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Fokus: 2 Petrus 1:6 (godsvrug)

En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met die godsvrug.

Die naaste aan wie jy werklik is, is hoe jy jouself gedra voor die mense by wie jy die gemaklikste is. In meeste gevalle is dit of jou naaste vriende of jou huisgesin. Soms word ’n mens se gedrag bepaal deur sy geselskap. So in plaas daarvan om op te tree soos wat ’n mens behoort te doen, tree ’n mens op soos die mense in jou geselskap, jou vriendekring, en jou gesin.

Godsvrug dra die betekenis dat jy jou gedra as of jy die geselskap van God is. ’n Kind van die Here behoort die vraag te kan antwoord: “Hoe moet ek my gedra as ’n verlosde kind van die Here?”

Petrus het die gelowiges opgeroep tot “godsvrug” (eusebeia). In vers 3-4 lees ons dat gelowiges, volgens die genade van God, al die dinge wat hulle nodig het “vir die lewe en godsvrug” gegee is (1:3). Hier sien ons dat die opdrag in vers 6 voortbou op die genadehandeling van Christus. Christus het gelowiges alles gegee om godvrugtig te wees, en tog moet gelowiges godvrug nastreef.

Godsvrug beteken eenvoudig om die Here reg te aanbid. Godsvrug (εὐσέβειαν). Word slegs deur Petrus gebruik (Handelinge 3:12) en in die Pastorale briewe in hier in 2 Petrus. Die Griekse woord kom van εὐ, wat goed/wel beteken en σέβομαι, om te

aanbid. Saam dra die woord die betekenis om goed en reg te aanbid. Dit beskryf die mens wat reg optree in sy verhouding met God en met sy medemens. Miskien kom die woorde eerbied en lojaliteit nader aan die bedoeling van hierdie woord.

In die Griekse wêreld in die tyd van die NT het hierdie woord sy eie betekenis gehad: Dit is respek vir die afgode, maar ook mense soos regters, regeerders, die wet, ens. In die Christelike konteks dra die woord meer betekenis as net respek. Godsvrug is nie net ’n blote daad nie, maar ’n eienskap. Enige eienskap in verband met jou geloof in Christus, kom nie vanself nie en dit kom nie uit jou eie nie. Christus gee vir ons reeds deur die Heilige Gees wat ons nodig het om godsvrugtig te lewe, maar ons moet ook voordurend daarvoor vra en najaag.

As kind van God moet jy natuurlik weet wat godsvrug is om daarvoor te wil bid en dit na te jaag. Daarvoor moet ons dieper kyk as die definisie van die woord soos ons vroeër al omskryf het.

Godsvrug kom neer op eerbiedigheid en lojaliteit. Die OT gebruik die term “vrees van die Here”. Spreuke 1:7 sê, “Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis” Om die Here te vrees, beteken nie dat jy bang is vir Hom nie, maar dat jy die grootse eerbied en ontsag vir Hom het. So as of God jou asem wegslaan soos jy Hom bewonder. Die vrees van die Here gaan ook gepaard met ’n leefwyse wat gepas is saam met ’n asemrowende besef wat God is. God is almagtig, alwys, oneindig, groot in liefde en genade, daarom wil jy lojaal wees teenoor Hom eerder as iemand anders en uitleef wat goed en reg is by Hom.

Petrus gebruik hierdie Griekse woord, wat ons vertaal met godsvrug, om hierdie selfde eerbied en lojaliteit uit te beeld. Miskien gebruik Petrus dit hier in 'n doelbewuste kontras met die valse leraars, wat ver van God af was. Petrus het uitdruklik bedoel dat ware kennis van God (wat die valse leraars verkeerdelik gespog het hulle besit) manifesteer in eerbied teenoor God en respek teenoor mense.

Teenoor die lewenswyse wat verband hou met valse lering, is stem die godsvrug ooreen met die gesonde leer waaroor Paulus geskryf het in 1 Tim. 6: 3; Tit. 1: 1. Valse leraars het ’n oppervlakkige vorm daarvan, maar dit vorm nie hul lewens nie, en hulle gebruik dit as wins (2 Tim. 3: 5; 1 Tim. 6: 5-6) en mis die wins van ware godsvrug. Christelike eusébeia is nie moralisties nie, want dit is gewortel in die totale bediening van Christus op aarde. So lees ons in 1 Tim. 3:16. Paulus het geskrywe aan Timoteus: “Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, ’n pilaar en grondslag van die waarheid. En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: (Hier gebruik Paulus dieselfde Griekse woord, maar die vertalers het dit vertaal met godsaligheid wat basies neerkom op ’n Christelike optrede) Verder beskryf Paulus dan die verborgenheid van godsaligheid en sê, God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.”

Die godsaligheid of die godsvrug is die gedrag van die Kerk. Die Kerk moet haar gedra ooreenkomstig dit wat Paulus hier genoem het oor Christus. Paulus gebruik die woord “verborgenheid” in die sin van ’n geheim wat nou geopenbaar is. Die rede hoekom

Paulus godsvrug gekoppel het aan Christus se hele bediening op aarde, is omdat godsvrug net kan groei, as jy besef wie Christus is. Soos eerbied en lojaliteit teenoor God groei as jy besef wie God is, so groei jou godsvrug as jy besef wie Christus is. Hy is self God, maar het mens geword. Hy het gely, maar is deur die Gees geregverdig en bevestig dat die reg aan sy kan is. Hy het aan die engele verskyn as oorwinnaar. Christus het egter nie vir engele gesterf nie, maar vir ons as verlore sondaars. Verder is Hy aan die nasies verkondig. Dit herinner ons aan die opdrag wat die Here aan sy kerk gegee het om die Evangelie te dra tot aan die uithoeke van die aarde, waar Hy in die wêreld geglo word. Met die hemelvaart is Hy in heerlikheid opgeneem.

Godsvrug laat jy jou gedra as of jy in God se geselskap is.

Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 112: 1 & 2

1

Welsalig is die man

wat God van harte vrees;

welsalig hy wat in sy wet

'n welgevalle het.

2

Sy nageslag sal groot,

geweldig wees op aard;

opregtes sal van kind tot kind

'n seen en erfdeel vind.

Seën